


BUITENGEWONE

# OFFISIELLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY



OF SOUTH WEST AFRICA

UITGawe OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Woensdag 30 Augustus 1978

WINDHOEK

Wednesday 30 August 1978

No. 3817

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

- |  |   |
|--|---|
| No. AG. 55 Verkooppryse van Persele in Dorpe in Owambo en Kavango                                    | 1 |
| No. AG. 56 Wysiging van Regulasies Uitgevaardig Kratens die Wet op Padvervoer 1977 (Wet 74 van 1977) | 2 |

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICE:

- |   |   |
|---|---|
| No. AG. 55 Selling Prices of Sites in Townships in Owambo and Kavango                             | 1 |
| No. AG. 56 Amendment of Regulations made under the Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977) | 2 |

## Goewermentskennisgewings

## Government Notices

kantoor van die  
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GE-  
BIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 55 1978

### VERKOOPPRYSE VAN PERSELE IN DORPE IN OWAMBO EN KAVANGO

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 53(2) van Proklamasie R.117 van 1977 (instelling en bestuur van dorpe in sekere naturellegebiede in Suidwes-Afrika), skryf ek hierby die volgende verkooppryse voor vir persele in 'n dorp wat kragtens artikel 3(1) van genoemde Proklamasie bepaal en afgesonder is en wat in Owambo of Kavango geleë is —

(a) persele vir woondoeleindes —

vir elke 50 vierkante meter of gedeelte daarvan wat 25 vierkante meter oorskry .....R3,00

(b) persele vir handelsdoeleindes —

vir elke 50 vierkante meter of gedeelte daarvan wat 25 vierkante meter oorskry .....R8,50

M. T. STEYN

Administrateur-generaal

Windhoek, 25 Augustus 1978

office of the  
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE  
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 55 1978

### SELLING PRICES OF SITES IN TOWNSHIPS IN OWAMBO AND KAVANGO

Under the powers vested in me by section 53(2) of Proclamation R.117 of 1977 (establishment and management of townships in certain native areas in South West Africa), I hereby prescribe the following selling prices for sites in any township defined and set apart under section 3(1) of the said Proclamation, which is situated in Owambo or Kavango —

(a) sites for residential purposes —

for each 50 square metres or part thereof exceeding 25 square metres .....R3,00

(b) sites for trading purposes —

for each 50 square metres or part thereof exceeding 25 square metres .....R8,50

M. T. STEYN

Administrator-General

Windhoek, 25 August 1978

No. AG. 56

1978

**WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG KAGTENS DIE WET OP PADVERVOER, 1977  
(WET 74 VAN 1977)**

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 30 van die Wet op Padvervoer, 1977 (Wet 74 van 1977), die regulasies uitgevaardig wat in die Bylae vervat is.

**BYLAE**

*Wysiging van regulasie 2 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2653 van 1977*

1. Regulasie 2 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2653 van 30 Desember 1977 (hieronder die Padvervoerregulasies genoem), word hierby gewysig —

(a) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(1) Wanneer —

- (a) 'n hotel sy eie gaste en hul persoonlike besittings ooreenkomsdig artikel 1(2)(j) van die Wet vervoer;
- (b) 'n gesentraliseerde nywerheid sy eie goedere ooreenkomsdig artikel 1(2)(v) van die Wet vervoer;
- (c) iemand ooreenkomsdig artikel 1(2)(w) van die Wet goedere binne die grense van 'n vrygestelde gebied vervoer;
- (d) 'n karweier ooreenkomsdig artikel 1(2)(x) van die Wet goedere vervoer; of
- (e) 'n persoon wat 'n bedryf uitoefen of handel of besigheid dryf, sy eie goedere ooreenkomsdig artikel 1(2)(y) van die Wet vervoer,

moet die volgende gegewens as identifikasie op albei sykante van die motorvoertuig wat aldus gebruik word, geverf of op die ander wyse wat die kommissie goedkeur, vertoon word in 'n kleur wat duidelik afsteek teen die agtergrond waarop dit geverf of vertoon word —

- (i) die volledige geregistreerde of handelsnaam van sodanige hotel of gesentraliseerde nywerheid of die naam van sodanige persoon, sodanige karweier of sodanige persoon wat bedoelde bedryf uitoefen of handel of besigheid dryf, na gelang van die geval;
- (ii) die volledige besigheidsadres (nie posadres nie) van sodanige hotel of gesentraliseerde nywerheid of van die bedoelde persoon, karweier of persoon wat bedoelde bedryf

No. AG. 56

1978

**AMENDMENT OF REGULATIONS MADE UNDER THE ROAD TRANSPORTATION ACT, 1977 (ACT 74 OF 1977)**

The Administrator-General has under section 30 of the Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977), made the regulations set out in the Schedule.

**SCHEDULE**

*Amendment of regulation 2 of the regulations published by Government Notice R.2653 of 1977*

1. Regulation 2 of the regulations published by Government Notice R.2653 of 30 December 1977 (hereinafter referred to as the Road Transportation Regulations), is hereby amended —

(a) by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

“(1) When —

- (a) an hotel conveys its own guests and their personal effects in accordance with section 1(2)(j) of the Act;
- (b) a decentralised industry conveys its own goods in accordance with section 1(2)(v) of the Act;
- (c) a person conveys goods within the boundaries of an exempted area in accordance with section 1(2)(w) of the Act;
- (d) a carrier conveys goods in accordance with section 1(2)(x) of the Act; or
- (e) a person carrying on any industry or trade or business conveys his own goods in accordance with section 1(2)(y) of the Act,

the following identifying particulars shall be painted or displayed in such other manner as may be approved by the commission on both sides of the motor vehicle so used in a colour that shows up clearly against the background on which they are painted or displayed —

- (i) the full registered name or style of such hotel or decentralised industry or the name of such person, carrier or person carrying on such industry or trade or business, as the case may be;
- (ii) the full business address (not postal address) of such hotel or decentralised industry or of such person, carrier or person carrying on

uitoefen of handel of besigheid dryf, na gelang van die geval;

(iii) in die geval van die nywerheid, karweier of persoon bedoel in subregulasie (1)(b), (d) en (e), die aard van die besigheid.”.

(b) deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(2) Alle letters en syfers wat gebruik word by die aanbring van die gegewens soos in subregulasie (1) bepaal, moet die volgende minimum afmetings en die volgende spasies tussen hulle hê —

(a) hoogte van syfers en letters — 40 mm.;

(b) wydte van syfers en letters — 20 mm.;

(c) breedte van streep van syfers en letters — 5 mm.;

(d) spaside tussen opeenvolgende syfers of letters — 5mm.;

(e) spaside tussen woorde in dieselfde reël — 15 mm.”; en

(c) deur subregulasie (5) deur die volgende subregulasie te vervang:

“(5) 'n Karweier wat goedere ingevolge artikel 1(2)(x) van die Wet wil vervoer, onderneem sodanige vervoer slegs indien dit op die volgende wyse uitsluitlik binne 'n gebied met 'n straal van 40 kilometer vanaf sy plek van besigheid geskied —

(a) vanaf enige plek geleë binne 'n straal van 40 kilometer vanaf die karweier se plek van besigheid waar die goedere vir vervoer aangebied word, vir aflewing by die finale eindbestemming van die goedere as sodanige finale eindbestemming ook binne 'n straal van 40 kilometer vanaf die karweier se plek van besigheid geleë is; of

(b) vanaf enige plek geleë binne 'n straal van 40 kilometer vanaf die karweier se plek van besigheid waar die goedere vir vervoer aangebied word, direk na die naaste of gesukkste spoorwegstasie wat ook binne 'n straal van 40 kilometer vanaf die karweier se plek van besigheid geleë is, as die finale eindbestemming van die goedere buite 'n straal van 40 kilometer van die karweier se plek van besigheid geleë is.”.

such industry, trade or business, as the case may be;

(iii) in the case of the industry, carrier or person referred to in subregulation (1)(b), (d) and (e), the nature of the business.”.

(b) by the substitution of subregulation (2) of the following subregulation:

“(2) The minimum dimensions of all letters and figures used in the inscription of the particulars provided for in subregulation (1) and the spaces between such letters and figures shall be as follows:—

(a) height of figures and letters — 40 mm.;

(b) width of figures and letters — 20 mm.;

(c) breadth of stroke of figures and letters — 5 mm.;

(d) space between consecutive figures or letters — 5 mm.;

(e) space between words on the same line — 15 mm.”; and

(c) by the substitution of subregulation (5) of the following subregulation:

“(5) A carrier wishing to convey goods in terms of section 1(2)(x) of the Act, shall undertake such conveyance only if it is done in the following manner exclusively within an area with a radius of 40 kilometres from such carrier's place of business —

(a) from any place situated within a radius of 40 kilometres from the carrier's place of business where the goods are offered for conveyance, for delivery to the final destination of the goods if such final destination is also situated within a radius of 40 kilometres from the carrier's place of business; or

(b) from any place situated within a radius of 40 kilometres from the carrier's place of business where the goods are offered for conveyance, direct to the nearest or most suitable railway station which is also situated within a radius of 40 kilometres from the carrier's place of business, if the final destination of the goods is situated outside a radius of 40 kilometres from the carrier's place of business.”.

2. Regulasie 18 van die Padvervoerregulاسies word hierby gewysig deur subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(3) Onderstaande gelde is betaalbaar voordat 'n permit uitgereik word —

**Tydelike permit**

- (a) (i) R5 per motorvoertuig vir elke dag waarop die permit geldig is;
- (ii) R1 ten opsigte van 'n tydelike permit, geldig vir hoogstens 14 dae, wat uitgereik word waar so 'n permit nodig is as tussen-tydse maatreël waar daar 'n aansoek om die vervanging van 'n voertuig, soos in 'n openbare permit vermeld, hangende is;

**openbare permit of privaatpermit**

- (b) (i) R100 per motorvoertuig ten opsigte van die eerste uitreiking van 'n permit of the hernuwing daarvan vir 'n onbepaalde tydperk;
- (ii) R10 per motorvoertuig vir elke transportjaar of gedeelte daarvan indien die kommissie of 'n raad besluit om 'n permit vir 'n bepaalde tydperk uit te reik of te hernieu;
- (iii) R10 per permit in die geval van 'n oordrag of wysiging;
- (iv) R10 per duplikaatpermit;
- (v) 50c per motorvoertuig vir die wysiging van die tydtafel of vervoertarief wat in daardie permit vermeld word."

**Wysiging van regulasie 25 van die regulасies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2653 van 1977**

3. Regulasie 25 van die Padvervoerregulасies word hierby gewysig —

(a) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) Gegewens wat ingevolge artikel 24(1)(c) van die Wet op 'n motorvoertuig waarop 'n openbare of privaat permit betrekking het, moet verskyn, moet op albei sykante van sodanige motorvoertuig aangebring word in 'n kleur wat duidelik afsteek teen die agtergrond waarop dit aangebring is."; en

(b) deur subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

2. Regulation 18 of the Road Transportation Regulations is hereby amended by the substitution for subregulation (3) of the following subregulation:

"(3) The following fees shall be payable before a permit is issued —

**Temporary permit**

- (a) (i) R5 per motor vehicle for each day upon which the permit is valid;
- (ii) R1 in respect of a temporary permit valid for a maximum period of 14 days issued when necessary as an interim measure where an application is pending for the replacement of a vehicle specified in a public permit;

**public or private permit**

- (b) (i) R100 per motor vehicle for the first issue of a permit or the renewal of it for an indefinite period;
- (ii) R10 per motor vehicle for each transport year or part of it if the commission or a board should decide to issue or renew a permit for a specified period;
- (iii) R10 per permit in the case of a transfer or amendment;
- (iv) R10 per duplicate permit;
- (v) 50c per motor vehicle for the amendment of the time-table or tariff of charges set forth in that permit."

**Amendment of regulation 25 of the regulations published by Government Notice R.2653 of 1977**

3. Regulation 25 of the Road Transportation Regulations is hereby amended —

(a) by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) Particulars required in terms of section 24(1)(c) of the Act to appear on a motor vehicle to which a public or private permit relates, shall be inscribed on both sides of such vehicle in a colour that shows up clearly against the background on which they are inscribed."; and

(b) by the substitution for subregulation (3) of the following subregulation:

"(3) Die letters en syfers wat by die aanbring van gegewens ingevolge subregulasie (1) of by die aanbring van die kennisgewing ingevolge subregulasie (2) gebruik word, moet die minimum afmetings hê wat in regulasie 2(2) uiteengesit is.”.

"(3) The letters and figures used in the inscription of particulars in terms of subregulation (1) or of the notice in terms of subregulation (2) shall have the minimum dimensions specified in regulation 2(2).”.